Kopieno ..1....

19 Maart 1979

HSAW/NGBS/303/5/11/4

MEMORANDUM

Van: HSAW

Aan: Voorsitter van die SVR Werkkomitee

Info: Die Sekretarisse van:
Buitelandse Sake
Nasionale Veiligheid
Justisie
Kommissaris van die SA Polisie

KORTTERMYN STRATEGIE VIR RHODESIë

1. My enersgenommerde memorandum gedateer 15 Maart 1979 het hierop betrekking.

2. Vervang asb Byvoegsel 1 by Aanhangsel B met die aangehegte bladsye B-1-1 en B-1-2 gedateer 19 Maart 1979.

HOOF VAN DIE SA WEERMAG : GENERAAL

Kopieno ....

MEMORANDUM

15 Maart 1979

Van : H SAW

HSAW/NGBS/303/5/11/4

Aan : Voorsitter van die SVR Werkkomitee

Info: Die Sekretarisse van:

Buitelandse Sake
Nasionale Veiligheid
Justisie

Kommissaris van die SA Polisie

KORTTERMYNSTRATEGIE VIR RHODESIë

1. Op 2 Maart 1979 het ek 'n memorandum oor die voorgestelde werkwyse vir die implementering van 'n korttermynstrategie vir Rhodesië aan u voorgelê. Aan die hand van die kommentaar wat ek van u ontvang het, het ek in oorleg met die Sekretaris van Buitelandse Sake die oorspronklike voorlegging gewysig. Dit word hierby aangeheg as Aanhangsel B.

2. Om die korttermynstrategie vir Rhodesië te implementeer, word die volgende prosedure voorgestel:

a. Stap 1. Die voorgestelde korttermynstrategie, soos opgestel deur myself en die Sekretaris van Buitelandse Sake, moet nou dringend deur u goedgekeur word.

b. Stap 2. Die Nasionale Gesamentlike Beplanningsentrum (NGBS) sal die uitvoering van die nasionale strategie koördineer en deurlopend monitor. Om direkte skakeling en 'n beplanningsvermoë in Rhodesië te vestig en om na die RSA se belange om te sien, sal 'n Gesamentlik Beplanningsentrum (RGBS) daar gestig word.

HOOF VAN DIE SA WEERMAG : GENERAAL

(1)

RIGLYNE VIR SVR-WERKKOMITEE OM 'N KORTTERMYN TOTALE NASIONALE STRATEGIE VIR RHODESIë TE FORMULEER (SOOS GOEDKEUR DEUR HOOFDE VAN BETROKKE DEPARTEMENTE)

1. Doel van RSA Optrede. Om die Rhodesiese tussentydse regering te ondersteun om 'n politieke oplossing vir die konfliksituasie in Rhodesië te verkry ingevolge die pasaangekondigde tydrooster met die vertroue dat 'n gematigde regering aan die bewind sal kom waarmee die RSA op alle gebiede sal kan saamwerk. Indien 'n politieke oplossing bereik kan word wat binnelands tot 'n redelike mate aanvaar word, behoort die omvang van die terroristeaanslag af te neem.

2. Knelpunte vir die Tussentydse Regering:

a. Beperkte mannekrag en vermoëns (insluitende militêre toerusting).

b. Swak ekonomiese posisie.

c. Beperkte politieke vertroue in die tussentydse regering.

d. Lae moreel by alle sektore van die bevolking. In sover dit die Blanke troepe en bevolking betref, werk dit onder andere Blanke emigrasie in die hand en hou dit ook gevare in van onoordeelkundige optrede binne en buite Rhodesië.

e. Werkloosheid en ontwrigting van Swart gemeenskappe wat op geweld en ontnugtering kan uitloop.

3. Riglyne:

a. Staatkundig:

i. Deurlopende kontakte met die Rhodesiese regering.

ii. Hou die Tussentydse Regering by hulle onderneming om 'n verkiesing soos onlangs aangekondig, te hou. Diplomatieke oorreding moet gebruik word en indien nodig moet ander hefbome aangewend word. Die deure vir verdere onderhandelinge met die Weste moet oopgehou word.

iii. Ondersteun die verkose Rhodesiese regering om 'n stabiele gematigde anti-kommunistiese regering in stand te hou.

iv. Waar moontlik en raadsaam binne die diskresie van die Departement van Buitelandse Sake, diplomatieke beïnvloeding op gasheerlande met inagneming van wedersydse belange (bv Cabora Bassa krag van Mosambiek). Bestaande kontakte met Mosambiek (deur

Departement van Buitelandse Sake) en Zambië (deur SAS) kan in hierdie verband aangewend word. Bot= swana as deurgangsgebied moet ook in gedagte gehou word.

v. Diplomatieke gesprekvoering met uitgesoekte Wes-Europese lande en die VSA asook sekere Afrika en Derde Wêreldlande om die RSA standpunt te regver= dig. Kontak kan met die invloedryke kringe in Europa en Amerika, wat die interne skikking goed= gesind is, gehandhaaf word.

b. Ekonomies:

i. Die ekonomiese interafhanklikheid van die Suidelike Afrika-state moet as 'n oorredingsmiddel gebruik word, beide in Suider Afrika sowel as in Wes-Europa en Amerika.

ii. Rhodesië se ekonomiese en finansiële afhanklikheid van die RSA word indien nodig as 'n dwangmiddel aan= gewend.

iii. Die ekonomiese belangrikheid van die RSA vir die Suidelike Afrikastate moet as 'n lokmiddel gebruik word. Dit sluit ook die verlening wanneer nodig van ekonomiese hulp in op so 'n skaal dat teenpres= tasie geredelik verwag kan word.

iv. Voortgesette ekonomiese ondersteuning aan Rhodesië, binne redelike perke, insluitende die toelating van invoere en uitvoere. Dit behels ook die verlening van uitvoerkrediet soos tans vir die instandhouding van noodsaaklike infrastruktuur.

c. Maatskaplik:

i. Mediese, veeartseny, tegnologiese ondersteuning moet waar moontlik en raadsaam binne die diskresie van die departement van Buitelandse Sake as 'n oorre= dingsmiddel teen die gasheerlande gebruik word.

ii. Die Tussentydse Regering, veral die Swart lede, moet op vertroulike basis gewus gemaak word van die RSA se steun aan Rhodesië binne hierdie raamwerk.

iii. Maatskaplike ondersteuning soos tans aan Rhodesië.

iv. Subtiele en versigtige propaganda om Rhodesië se beeld as 'n land wat meerderheidsregering aanvaar het, uit te bou. 'n Te openlike inligtingsaksie vir hierdie stadium sou teenproduktief wees en pro= bleme vir die gematigde Swart leiers veroorsaak.

d. Veiligheid:

i. Sodanige klandestiene ondersteuning aan die Rhode=

siese Veiligheidsmagte dat hulle die status quo kan handhaaf teen die terroriste tot die daarstelling van die nuwe regering, dit wil sê logistieke steun en by goedkeuring moontlike SAW spesiale operasies. Die belangrike rol van die Rhodesiese Veiligheidsmagte ten opsigte van moreel en politieke stabiliteit word ook hierdeur erken.

ii. Indien diplomatieke beïnvloeding nie slaag nie en indien terroriste-aanslae nie afneem nie, beperkte klandestiene optrede teen gasheerlande in noue samewerking met dié instansies wat verantwoordelik is vir ander beïnvloedingsaksies, soos byvoorbeeld politieke, diplomatieke en sielkundige aksie. Die besondere posisie van Botswana moet in ag geneem word. Die omvang moet nie so groot wees dat dit buitelandse inmenging uitlok nie.

iii. Beplanning vir moontlike overte militêre hulp aan Rhodesië voor en na die daarstelling van die nuwe regering, indien daartoe deur die RSA regering gelas. Sodanige beplanning moet 'n deeglike kosteberaming insluit sowel as 'n berekening van die internasionale reperkussies.

iv. Die beskerming en afvoer van vlugtelinge uit Rhodesië in samewerking met die bestaande Vlugtelingskomitee.

v. Bevordering van samewerking tussen die Veiligheidstakke van die SAF en die BSAP.

'N KORTTERMYNSTRATEGIE VIR RHODESIË

Byvoegsel 1 : Konsep Sielkundige Aksieprogram : Korttermyn Nasionale Strategie tov Rhodesië

OPDRAG

1. Ondersteun die Rhodesiese Tussentydse Regering om 'n politieke oplossing vir die konfliksituasie in Rhodesië te verkry.

UITVOERING

2. 'n Rhodesië Gesamentlike Beplanningsentrum (RGBS) sal in Rhodesië gestig word. Die RGBS sal die direktiewe, riglyne en beleide, soos opgedra deur die Nasionale Gesamentlike Beplanningsentrum (NGBS), saamstel en sodanig bestuur dat die RSA se strategiese doel tov die gebied verwesenlik word.

3. Die plan berus op die volgende:

a. RSA Ondersteuning vir Rhodesië. Alle moontlike direkte en indirekte steun moet deur die RSA aan die Rhodesiese Tussentydse Regering (RTR) verleen word om 'n gematigde, anti-kommunistiese, nasionale (en verkieslik pro-RSA) regering aan bewind te bring en te hou. Sodanige bystand moet op politieke, sielkundige, ekonomiese en militêre terreine geskied.

b. Druk op Gasheerlande. Die gasheerlande van die terroriste organisasies naamlik Zambië, Mosambiek en Botswana, moet sodanig beïnvloed word dat hulle hul ondersteuning aan die terroriste wat uit die gasheerlande opereer, met diskresie verminder of totaal opsê. Hulle moet daarvan oortuig word dat volgehoue ondersteuning van terroriste, nadelige en in die laaste instansie, baie gevaarlike gevolge vir hulle betrokke lande inhou.

4. Uitvoering van die Plan. Die plan moet soos volg uitgevoer word:

a. Rol van die GBS. Die RGBS bedryf en koördineer die Rhodesië strategie. Voortdurende kontak moet gehandhaaf word. Die RGBS moet ten alle tye verseker dat die RSA se strategie tov Rhodesië, gegrond is op die RSA se belange en dit ten uitvoer bring.

b. Diplomatieke Beïnvloeding en Oorreding. Deur diplomatieke kanale word die gasheerlande binne diskresie beïnvloed en oorreed dat, as hulle nie hul ondersteuning aan terroriste bewegings opsê nie, hulle die volle konsekwensies daarvan moet dra. Sodanige aksies moet verkieslik aan 'n insident gekoppel word, soos bv

die jongste Viscount-voorval en die SA Lugdiens se beslissing tov opskorting van internasionale vlugte via Rhodesië. 'n Suid-Afrikaanse burger is in die Viscount-voorval oorlede en Suid-Afrikaanse lewens op vlugte tussen Rhodesië en die RSA kan in die gedrang kom. Die gasheerlande moet gewaarsku word dat indien hulle nie gehoor gee aan die versoek nie, strenger optrede geneem sal word.

c. <u>Ekonomiese Dwang</u>. As daar nie aan die waarskuwing gehoor gegee word nie, moet ekonomiese hulp aan die gasheerlande verminder of gestaak word soos binne die raamwerk van die strategie tov die gasheerlande bepaal. Die gasheerlande moet verwittig word dat ekonomiese hulp eers weer beskikbaar sal wees nadat hulle sigbaar hulle ondersteuning aan die terroriste gestaak het.

d. <u>Militêre Optrede</u>. Indien alle ander dwangmiddels nie suksesvol is nie of indien die strategiese situasie dit vereis, moet gesamentlike overte operasies met die Rhodesiese Weermag oorweeg word wat gemik is teen terroriste basisse in Zambië, Mosambiek, Angola, Botswana en Tanzanië, met die doel om die grootste moontlike aantal terroriste en hul logistieke steun uit te wis. Sodanige operasies soos deur die SVR goedgekeur, moet tot die kortste moontlike tyd beperk word en moet die patroon van die Rhodesiese "selfverdedigingsoperasies" navolg. Klandestiene operasies moet uiteraard voortgaan.

e. <u>Sielkundige Aksie</u>. Sielkundige aksie moet deurlopend daarop gerig wees om die redelikheid van die RSA se standpunt, om die mense oor hulle toekoms te laat besluit, ter wille van gematigde anti-kommunistiese lande, te beklemtoon. Offensiewe sielkundige aksie teenoor die plaaslike bevolkings van die betrokke gasheerlande moet ook gedoen word ten einde daardie regerings onder druk te plaas om hulle steun aan die terrorisorganisasies op te skort.

d. <u>RSA Ondersteuning vir Rhodesië</u>. Wat die RSA ondersteuning vir Rhodesië betref, moet Rhodesië se benodigdhede, insoverre dit moontlik is, bevredig word. Volgens die goedgekeurde korttermynstrategie vir Rhodesië, sluit dit die volgende in:

i. Militêre logistieke steun.

ii. Spesiale operasies.

iii. Moontlike beskerming en afvoer van vlugtelinge uit Rhodesië.

iv. Ander sielkundige optredes om die doel te bereik.

v. Maatskaplike ondersteuning soos tans aan Rhodesië.

vi. Die bewusmaking, op vertroulike basis aan die lede van die RTR tov die RSA se steun aan Rhodesië.

vii. Mediese, veeartseny en tegnologiese ondersteuning moet as 'n oorredingsmiddel teen die gasheerlande gebruik word.

viii. Voortgesette ekonomiese ondersteuning aan Rhodesië, binne redelike perke, insluitende die toelating van in- en uitvoere.

ix. Die ekonomiese belangrikheid van die RSA vir die Suidelike Afrikastate moet as lokmiddel gebruik word. Dit sluit ook, wanneer nodig, die verlening van ekonomiese hulp, op so 'n skaal in, dat teenprestasies geredelik verwag kan word.

x. Die ekonomiese interafhanklikheid van die Suidelike Afrikastate moet as 'n oorredingsmiddel gebruik word, in Suider-Afrika sowel as in Wes-Europa en Amerika.

xi. Diplomatieke gesprekvoering met uitgesoekte Wes-Europese lande en die VSA asook sekere Afrika en Derde Wêreldlande om hulle van die belangrikheid en voordele van 'n gematigde Suidelike Afrika te oortuig. Kontak met die invloedryke kringe in Europa en Amerika, wat die interne skikking goedgesind is, kan gehandhaaf word.

xii. Deurlopende kontakte met die RTR.

KONSEP SIELKUNDIGE AKSIEPROGRAM: KORTTERMYN
TOTALE NASIONALE STRATEGIE TEN OPSIGTE VAN RHODESIë

1. Doelwit:

a. Om die huidige Rhodesiese Tussentydse Regering te onder= steun tot en met die hou van die algemene verkiesing op 20 April 1979.

b. Om so spoedig moontlik 'n politieke oplossing vir die huidige konfliksituasie in Rhodesië te verkry wat tot 'n redelike mate binnelands aanvaar kan word.

c. Om die bevolkings van die RSA, Rhodesië en SWA bewus te maak van hulle interafhanklikheid en betrokkenheid by 'n internasionale situasie wat die onderskeie be= volkings eweveel raak.

2. Motivering:

a. Om te voorkom dat 'n kommunistiese staat op ons noorde= like grens ontstaan.

b. Om goeie verhoudings met die nuwe regering te bewerk= stellig in belang van die RSA se nasionale veiligheid, handelsbande en met die oog daarop dat daardie regering moontlik 'n vriendskaplike kanaal na die OAE kan skep.

c. Om 'n gevoel van Suidelike Afrika lotsgebonderheid daar te stel.

3. Metode:

a. Radio-Aksies: Openlik:

i. Uitsendings gerig op bevolking van Mosambiek en Zambië. Beklemtoning van interafhanklikheid bv veeartsenykundige dienste, mediese dienste, goed= koop grondstowwe en landbouproduksе, voordelige en lonende arbeidsmark, tegnologiese kennis ens.

ii. Weerspreking van vyandige propaganda en openbaar= making van wantoestande in ander wêrelddele, ver= al kommunistiese lande.

iii. Voorligting oor ontwikkeling in RSA - ken mekaar aksie.

iv. Beklemtoon dat daar meer vreemde terroriste in Zambië is as ZNDF en Zambië Polisiemagte saam.



19 Maart 1979

b. Radio-Aksies: Bedek:

i. Subtiele afspeling van inheemse bevolkings teen terroristebewegings in gasheerlande.

ii. Onmin bevorder tussen ZAPU, ZANU en ander. Uit=buiting van die leierskapstryd; wedersydse ver=denking te saai.

c. Volksgroepe in Grensgebiede. RSA-Mosambiek/Rhodesië grenssituasie mbt verwante volksgroepe. Omdat steu=ringsaksies duur, onprakties en van beperkte sukses is en nie hier toegepas kan word nie, word vyandige uit=sendings positief geneutraliseer - deur middel van radio-uitsendings in antwoord op vyandige propaganda.

d. Interne Bevolkingsgroepe. Aksies op verskeie terreine binne die RSA Rhodesië en SWA moet van stapel gestuur word om onderlinge besorgdheid en solidariteit tussen die inwoners van die drie lande te beklemtoon.



19 Maart 1979

KONSEP SIELKUNDIGE AKSIEPROGRAM : KORTTERMYN
TOTALE NASIONALE STRATEGIE TEN OPSIGTE VAN RHODESIË

1. Doelwit:

a. Om die huidige Rhodesiese Tussentydse Regering te onder= steun tot en met die hou van die algemene verkiesing op 20 April 1979.

b. Om so spoedig moontlik 'n politieke oplossing vir die huidige konfliksituasie in Rhodesië te verkry wat tot 'n redelike mate binnelands aanvaar kan word.

2. Motivering:

a. Om te voorkom dat 'n kommunistiese staat op ons noorde= like grens ontstaan.

b. Om goeie verhoudings met die nuwe regering te bewerk= stellig in belang van die RSA se nasionale veiligheid, handelsbande en met die oog daarop dat daardie regering moontlik 'n vriendskaplike kanaal na die OAE kan skep.

3. Metode:

a. Radio-Aksies : Openlik:

i. Uitsendings gerig op bevolking van Mosambiek en Zambië. Beklemtoning van interafhanklikheid bv veeartsenykundige dienste, mediese dienste, goed= koop grondstowwe en landbouprodukte, voordelige en lonende arbeidsmark, tegnologiese kennis ens.

ii. Weerspreking van vyandige propaganda en openbaar= making van wantoestande in ander wêrelddele, ver= al kommunistiese lande.

iii. Voorligting oor ontwikkeling in RSA - ken mekaar aksie.

b. Radio-Aksies : Bedek:

i. Subtiele afspeling van inheemse bevolkings teen terroristebewegings in gasheerlande.

ii. Onmin bevorder tussen ZAPU, ZANU en ander. Uit= buiting van die leierskapstryd : wedersydse ver= denking te saai.

c. Volksgroepe in Grensgebiede. RSA-Mosambiek/Rhodesië grenssituasie mbt verwante volksgroepe. Omdat steu= ringsaksies duur, onprakties en van beperkte sukses is en nie hier toegepas kan word nie, word vyandige uit= sendings positief geneutraliseer - deur middel van radio-uitsendings in antwoord op vyandige propaganda.

RIGLYNE VIR DIE SAMESTELLING VAN 'N RHODESIË GESAMENTLIKE BEPLANNINGSENTRUM (RGBS)

1. Doel van die RGBS. Die doel van die RGBS is om die direktiewe, riglyne en beleide tov Rhodesië, soos opgedra deur die Nasionale Gesamentlike Beplanningsentrum (NGBS), sodanig te bestuur dat die RSA se strategiese doel tov die gebied in die praktyk verwesenlik word.

2. Standplaas van die RGBS. Die RGBS sal in Rhodesië ontplooi word.

3. Samestelling van die RGBS:

a. Die RGBS sal voorlopig uit verteenwoordigers van die volgende RSA Staatsdepartemente saamgestel word:

i. Buitelandse Sake

ii. SA Weermag

iii. SA Polisie

iv. Nasionale Veiligheid.

b. Lede van alle ander Staatsdepartemente en staatsinstellings binne die RSA kan volgens behoefte gekoöpteer word.

c. Die staatsdepartement verteenwoordigers wat toegewys word aan die RGBS, moet met die nodige gesag beklee word en gedelegeerde bevoegdheid verkry om ter plaatse besluite te neem en uitvoering aan die totale strategie te verleen.

c. Die Rhodesiese Regering sal in 'n onderhandeling betrek moet word tov die stigting van 'n RGBS.